	Minder gereeld	Hepatitis (insluitend hepatosellulêre, cholestatiese of gemengde lewerskade).
Vel en subkutane weefsel versteurings	Gereeld	Uitslag.
	Minder gereeld	Fotosensitiwiteitsreaksie. Alopesie.
	Frekwensie onbekend	Geneesmiddelreaksie met eosinofilie en sistemiese simptome (DRESS).
Skeletspier en bindweefsel versteurings	Gereeld	Artralgie.
	Minder gereeld	Rabdomiolise.
Renale en urinêre versteurings	Minder gereeld	Urinêre inkontinensie, urinêre retensie. Urinêre huiwering.
Swangerskap, puerperium en perinatale toestande	Frekwensie onbekend	Neonatale onttrekkingsindroom.
Voortplantingsisteem- en borsversteurings	Gereeld	Erektiele disfunksie by mans. Verlaagde libido by mans en vroue.
	Minder gereeld	Amenoree. Borsvergroting. Galaktorree by vroue. Ginekomastie/borsvergroting by mans. Priapisme.
Algemene versteurings en toestande by die toedieningsplek	Gereeld	Astenie. Moegheid. Edeem. Pireksie.
Ondersoeke	Gereeld	Verhoogde plasmaprolaktienvlakke. Verhoogde alkaliese fosfatase. Hoë kreatienfosfokinase. Hoë gamma-glutamieltransferase. Hoë uriensuur.
	Minder gereeld	Verhoogde totale bilirubien

c. Beskrywing van spesifieke nadelige reaksies
Geleidelike vermindering van dosis moet oorweeg word wanneer PHRENPE gestaak word (sien afdeling 4.4). Skielike staking van behandeling met PHRENPE kan tot akute simptome soos sweet, diarree, oormatige speekselafskeiding, angs, agitasie, naarheid, braking, slapeloosheid en bewing lei. Behandeling met PHRENPE moet derhalwe geleidelik gestaak word.
d. Ander spesiale pasiëntgroepe
Die onderstaande tabel is 'n opsomming van newe-effekte waargeneem in bejaarde pasiënte met Alzheimertipe demensie wat olansapien ontvang:

MedDRA Sisteem-orgaanklas	Frekwensie	Newe-effek
Psigiatriese versteurings	Gereeld	Visuele hallusinasies.
Senuweestelsel versteurings	Gereeld	Abnormale gang. Val.
Respiratoriese-, torakale- en mediastinale versteurings	Gereeld	Pneumonie.
Vel en subkutane weefsel versteurings	Gereeld	Eriteem.
Renale en urinêre versteurings	Gereeld	Urinêre inkontinensie.
Algemene versteurings en toestande by die toedieningsplek	Gereeld	Letargie.
Ondersoeke	Gereeld	Verhoogde liggaamstemperatuur.

Die onderstaande tabel is 'n opsomming van newe-effekte waargeneem in pasiënte met medikasie-geïnduseerde (dopamien-agonis) psigose geassosieer met Parkinson se siekte:

MedDRA Sisteem-orgaanklas	Frekwensie	Newe-effek
Psigiatriese versteurings	Gereeld	Hallusinasies.
Senuweestelsel versteurings	Gereeld	Parkinson simptomatologie.

Die onderstaande tabel is 'n opsomming van newe-effekte waargeneem in pasiënte met bipolêre manie wat olansapien in kombinasie met litium of valproaat ontvang:

MedDRA Sisteem-orgaanklas	Frekwensie	Newe-effek
Metabolisme en voedingversteurings	Gereeld	Gewigstoename. Verhoogde aptyt.
Senuweestelsel versteurings	Gereeld	Spraakversteuring. Bewing.
Gastro-intestinale versteurings	Gereeld	Droë mond.

Rapportering van vermoedelike nadelige reaksies:
Dit is belangrik om vermoedelike newe-effekte wat waargeneem word nadat die medisyne goedgekeur is, te rapporteer. Dit laat volgehoue monitering van voordeel/risiko-balans van die medisyne toe. Gesondheidsorgverskaffers word versoek om enige vermoedelike newe-effekte aan SAHPRA te rapporteer via die "6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form", wat aanlyn by SAHPRA se publikasies gevind kan word: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8

4.9 Oordosering
Tekens en simptome:
Baie algemene simptome wat met olansapienoordosering (> 10 % insidensie) gerapporteer is sluit tagikardie, agitasie/aggressiwiteit, disartrie, verskeie ekstrapiramidale simptome en verlaagde vlak van bewussyn wat wissel van sedasie tot koma, in. Ander beduidende mediese gevolge van olansapienoordosering sluit delirium, konvulsies, koma, moontlike neuroleptiese kwaadaardige sindroom, asemhalingsonderdrukking, aspirasie, hipertensie of hipotensie, hartaritmieë (< 2 % van oordosisgevalle) en hart-long-stilstand, in. Noodlottige gevolge is gerapporteer vir akute oordosisse so laag as 450 mg, maar oorlewing is ook gerapporteer na akute oordosis van 1 500 mg orale olansapien.
Behandeling:
Die moontlikheid van meervoudige geneesmiddelbetrokkenheid moet oorweeg word. In geval van akute oordosering moet 'n lugweg bewerkstellig en instandgehou word en voldoende oksigenering en ventilasie verseker word. Die moontlikheid van obtundasie, konvulsies of distoniese reaksies van die kop en nek wat oordosering volg kan met geïnduseerde braking 'n risiko van aspirasie inhou. Kardiovaskulêre monitering moet onmiddellik begin word en moet volgehoue elektrokardiografiese monitering om moontlike aritmieë te bespeur, insluit. Daar is geen spesifieke teenmiddel vir PHRENPE nie, gevolglik moet toepaslike simptomatiese en ondersteunende behandeling toegepas word. Hipotensie en sirkulêre ineenstorting moet met toepaslike maatreëls soos intraveneuse vloeistowwe en/of simpatomimetiese middels, behandel word. Aangesien β-stimulasie hipotensie kan vererger deur die daarstelling van 'n olansapien-geïnduseerde α-blokkade moet epinefrien, dopamien of ander simpatomimetiese middels met β-agonis-aktiwiteit nie gebruik word nie. Noukeurige mediese toesig en monitering moet voortduur totdat die pasiënt herstel het.

5. FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE
5.1 Farmakodinamiese eienskappe
A 2.6.5 Kalmeermiddels - diverse strukture
Farmakoterapeutiese groep: psigoleptika, diasepiene, oksasepiene, tiasepiene en oksepiene, ATC-kode N05A H03. Olansapien is 'n atipiese antipsigotiese, antimaniese en gemoedstabiliserende middel wat 'n breë farmakologiese profiel oor verskeie reseptorsisteme heen toon. Olansapien het getoon dat dit affiniteit het vir die volgende reseptore: serotonien (5HT2A/2C, 5HT3 en 5HT6), dopamien (D1, D2, D3, D4 en D5), cholinergiese muskarienreseptore (M1-M5), α1-adrenergiese en histamien H1-reseptore. Verdere studies (elektrofisiologiese studies) toon ook dat daar selektiewe wisselwerking tussen olansapien en die mesolimbiese stelsel plaasvind, sonder beduidende wisselwerking met die ekstrapiramidale stelsel. Olansapien verminder 'n gekondisioneerde ontwykingsrespons, 'n toets wat gebruik word om moontlike antipsigotiese aktiwiteit aan te dui, teen dosisse wat laer is as dié wat katalepsie veroorsaak. Katalepsie is 'n toets wat gebruik word om motoriese newe-effekte aan te dui. Olansapien verhoog die reaksie in 'n 'anksiolitiese toets'. In 'n enkel orale dosis van 10 mg Positron-Emissie Tomografie (PET) studie in gesonde vrywilligers het olansapien 'n hoër reseptorbesetting vir die 5HT2A reseptor as die dopamien D2-reseptor getoon. Olansapien se antagonisme van die muskarienreseptore (M1-M5) kan die anticholinergiese effekte daarvan verklaar. Die antagonisme van die histamien H1-reseptore kan die slaperigheid wat ervaar is verklaar en die antagonisme van die adrenergiese α1-reseptore kan die ortostatiese hipotensie wat met hierdie medisyne waargeneem is verklaar.

5.2 Farmakokinetiese eienskappe
Absorpsie
Na orale toediening word olansapien goed geabsorbeer en absorpsie word nie deur kos geaffekteer nie. Piek plasmakonsentrasies word binne 5 tot 8 ure bereik.
Verspreiding
Olansapien is hoofsaaklik aan albumien en α1-suurglikoproteïen gebind. Die plasma-proteïenbinding van olansapien was ongeveer 93 % oor die konsentrasiereeks van ongeveer 7 tot ongeveer 1000 ng/ml.
Biotransformasie
Olansapien word in die lewer via konjugatiewe en oksidatiewe weë gemetaboliseer. Die hoof sirkulerende metaboliet is 10-N-glukoronied en beweeg nie deur die bloedbreinskans nie. Sitokroom P450-CYP1A2 en sitokroom P450-CYP2D6 dra tot die vorming van die N-desmetiel en 2-hidroksimetielmetaboliete by. Beide hierdie metaboliete toon aansienlik minder in vivo farmakologiese aktiwiteit. Die oorheersende farmakologiese aktiwiteit is afkomstig van olansapien, die moederverbinding.
Eliminasie
Gebaseer op resultate van studies wat na orale toediening gedoen is het die eliminasie-halfleeftyd van olansapien in gesonde proefpersone op grond van ouderdom en geslag gewissel:

	< 65 jaar	≥ 65 jaar
Mans	29 ure	49 ure
Vroue	39 ure	55 ure

Gebaseer op resultate van studies wat gedoen is in gesonde ouer persone (65 jaar en ouer) teenoor nie-bejaarde persone was die gemiddelde eliminasiehalfleeftyd verleng en is plasma-opruiming verminder:

	Bejaardes (≥ 65 jaar)	Nie-bejaardes
Eliminasiehalfleeftyd	51,8 ure	33,8 ure
Plasma-opruiming	17,5 l/uur	18,2 l/uur

Omsigtigheid is nodig tydens die dosering van bejaarde persone, veral as daar ander faktore is wat 'n bydraende invloed op die geneesmiddel metabolisme en/of farmakodinamiese sensitiwiteit kan hê. Gebaseer op resultate van studies in vroulike teenoor manlike proefpersone was die gemiddelde eliminasie-halfleeftyd ietwat verleng en plasma-opruiming verminder:

	Vroue	Mans
Eliminasiehalfleeftyd	36,7 ure	32,3 ure
Plasma-opruiming	18,9 l/uur	27,3 l/uur

Olansapien in die dosisreeks van 5 - 20 mg toon 'n vergelykbare veiligheidsprofiel wanneer vroue met mans vergelyk word.

Spesiale pasiëntgroepe
Renale inkorting:
Daar is geen beduidende verskil in gemiddelde eliminasiehalfleeftyd of plasma-opruiming in pasiënte met nierversaking (kreatinienopruiming < 10 ml/min) teenoor gesonde pasiënte nie:

	Renale inkorting (< 10 ml/min)	Gesond
Eliminasiehalfleeftyd	37,7 ure	32,4 ure
Plasma-opruiming	21,2 l/uur	25,0 l/uur

Dosisaanpassing gebaseer op die graad van renale inkorting is nie nodig nie. Daarbenewens word olansapien nie deur hemodialise verwyder nie. Die effek van renale inkorting op die eliminasie van metaboliete is nie bestudeer nie.

Hepatiese inkorting:
Gebaseer op resultate van studies het persone met ligte tot matige hepatiese disfunksie effens verhoogde sistemiese opruiming en vinniger eliminasiehalfleeftyd in vergelyking met proefpersone met geen hepatiese disfunksie nie.
Rook:
By proefpersone wat rook en nie rook nie (mans en vroue) is die gemiddelde eliminasiehalfleeftyd verleng en plasma-opruiming verminder:

	Nie-rokers	Rokers
Eliminasiehalfleeftyd	38,6 ure	30,4 ure
Plasma-opruiming	18,6 l/uur	27,7 l/uur

Plasma-opruiming van olansapien is laer in bejaarde teenoor jong proefpersone, in vroue teenoor mans en by nie-rokers teenoor rokers. Die impak van ouderdom, geslag of rook op plasma-opruiming van olansapien asook halfleeftyd is egter in vergelyking met die algehele wisselvalligheid tussen individue, klein.
Hematologiese toksisiteit:
Gebaseer op resultate van studies in muise en rotte is geen bewyse van beenmurgsitotoksisiteit gevind nie.
Reproduktiewe toksisiteit:
Gebaseer op resultate van studies in muise en rotte is gevind dat olansapien geen teratogeniese effekte het nie.
Mutagenisiteit:
In 'n volledige reeks standaardtoetse, wat bakteriële mutasietoetse en soogdiertoetse in vitro en in vivo insluit, is gevind dat olansapien nie mutagenies of klastogenies is nie.
Karsinogenisiteit:
Gebaseer op resultate van studies in muise en rotte is gevind dat olansapien nie karsinogenies is nie.

6. FARMASEUTIESE BESONDERHEDE
6.1 Lys van hulpstowwe
Mannitol, Aspartaam, Crospovidone (Polyplasdone XL-10), Mikrokristallyne sellulose, Magnesiumstearaat.

6.2 Onverenigbaarheid
Nie van toepassing nie.

6.3 Rakleeftyd
3 jaar

6.4 Spesiale voorsorgmaatreëls tydens berging
Bewaar teen of benede 25 °C.
Bewaar in die oorspronklike verpakking. Beskerm teen lig en vogtigheid.

6.5 Aard en inhoud van die houer
PHRENPE 5 oraal-oplosbare tablette is beskikbaar in Alu/Alu stulpstroke (gewone aluminiumfoelie en koudgevormde OPA/Alu/PVC foelie) en aftrekbare Alu/Alu stulpstroke (stulpstroke met koudgevormde stulpfoelie [CFB] en aftrekbare papier-gesteunde aluminiumfoelie) in kartonne van 10, 14, 28, 30, 35, 50, 56 of 70 tablette per karton.
Nie alle pakgroottes word bemark nie.
PHRENPE 10 oraal-oplosbare tablette is beskikbaar in Alu/Alu stulpstroke (gewone aluminiumfoelie en koudgevormde OPA/Alu/PVC foelie) en aftrekbare Alu/Alu stulpstroke (stulpstroke met koudgevormde stulpfoelie [CFB] en aftrekbare papier-gesteunde aluminiumfoelie) in kartonne van 10, 14, 28, 30, 35, 50, 56 of 70 tablette per karton.
Nie alle pakgroottes word bemark nie.

6.6 Spesiale voorsorg vir die wegdoening van 'n gebruikte medisyne of afvalmateriaal van die medisyne en ander hantering
Geen spesiale voorsorgmaatreëls.

7. HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT
Trinity Pharma (Pty) Ltd.
16de Straat 106, Gebou 2, Midrand, Johannesburg, 1686, Suid-Afrika.

8. REGISTRASIENOMMER(S)
PHRENPE 5: 47/2.6.5/0182
PHRENPE 10: 47/2.6.5/0183

9. DATUM VAN DIE EERSTE GOEDKEURING/MAGTIGING / HERNUWING VAN DIE GOEDKEURING/MAGTIGING
Datum van eerste goedkeuring: 06 April 2021

10. DATUM VAN DIE HERSIENING VAN DIE TEKS
N.A

Pasiëntinligtingsblad

SKEDULERINGSTATUS: S5

PHRENPE 5 mg oraal-oplosbare tablette
PHRENPE 10 mg oraal-oplosbare tablette
Olansapien
PHRENPE 5 bevat versoeter: 1,20 mg aspartaam
PHRENPE 5 bevat suiker: 41,80 mg mannitol
PHRENPE 10 bevat versoeter: 2,40 mg aspartaam
PHRENPE 10 bevat suiker: 83,60 mg mannitol

Lees die hele pamflet sorgvuldig deur voordat u PHRENPE begin gebruik
- Hou hierdie pamflet. U mag dit dalk later weer moet lees.
- Indien u enige verdere vrae het, vra u dokter, apteker, verpleegster of ander gesondheidsorgverskaffer.
- PHRENPE is vir u persoonlik voorgeskryf en u moet nie u medisyne met ander mense deel nie. Dit kan skadelik wees vir hulle, selfs al is hul simptome dieselfde as u simptome.

Wat in hierdie pamflet is
1. Wat PHRENPE is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat u moet weet voordat u PHRENPE gebruik
3. Hoe om PHRENPE te gebruik / te neem
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om PHRENPE te stoor
6. Inhoud van die houer en ander inligting

1. Wat PHRENPE is en waarvoor dit gebruik word
PHRENPE bevat 'n aktiewe bestanddeel wat olansapien genoem word. PHRENPE dien as 'n antipsigotiese, antimaniese en gemoedstabiliseerder en word gebruik om die volgende toestande te behandel:
- Voorkoms van psigotiese versteurings soos skisofrenie.
- Akute episodes van matige of ernstige maniese episodes.
- Voorkoming van herverskyning van maniese of depressiewe episodes van bipolêre versteurings.

2. Wat u moet weet voordat u PHRENPE neem
Moet nie PHRENPE neem:
- Indien u hipersensitief (allergies) vir olansapien of enige van die ander bestanddele van PHRENPE is (gelys in afdeling 6).
- Indien u 'n risiko het om nouhoek-gloukoom ('n siekte waar die drukking in u oog verhoog) te ontwikkel of dit onderlede het.
- Indien u jonger as die ouderdom van 18 jaar is.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls
- U dokter sal u gedurende die beginfase van behandeling monitor om te sien of die medisyne vir u werk.
- Behandeling met PHRENPE moet geleidelik gestaak word deur u dosis te verminder. As die behandeling skielik gestaak word, kan u simptome soos sweet, diarree, oormatige kwyl vanuit die mond, angs, agitasie, naarheid, braking, die onvermoë om te slaap en onwillekeurige skudding ervaar.
- PHRENPE verhoog die vlakke van prolaktien in u bloed (prolaktien is 'n hormoon wat die liggaam instruksie gee om borsmelk te produseer wanneer iemand swanger is of borsvoed). Dit kan u kans om borskanker te ontwikkel, verhoog.
- Die vlakke van vet in u bloed kan verander wanneer u PHRENPE gebruik. U dokter moet hierdie vlakke gereeld monitor, byvoorbeeld aan die begin van die behandeling, na 12 weke en elke 5 jaar daarna.
- 'n Toestand wat bekend staan as tardiewe diskinesie (onwillekeurige, herhalende liggaamsbewegings, wat 'n verdraaiing van u gesig, tong uitsteek of lippe klap kan insluit) kan voorkom as u PHRENPE vir 'n lang tyd gebruik. As dit gebeur moet u dokter u PHRENPE dosis verlaag of dit staak. Hierdie simptome kan tydelik verdwyn of selfs voorkom nadat die behandeling gestaak is.
- Die gebruik van PHRENPE kan 'n toestand wat bekend staan as ortostatiese hipotensie veroorsaak ('n daling in bloeddruk as u te vinnig uit 'n sit- of lê-posisie opstaan en gaan gepaard met duiseligheid, verhoogde hartklop en by sommige pasiënte 'n tydelike verlies aan bewussyn), veral tydens die begin van die behandeling. Omsigtigheid is nodig by pasiënte met hartprobleme, indien u 65 jaar of ouer is moet u bloeddruk gereeld gemeet word.

Wees veral versigtig met PHRENPE:
- indien u medisyne gebruik om 'n siekte genaamd Parkinson se siekte, te behandel. Die simptome wat u normaalweg van Parkinson se siekte kry, sal vererger.
- indien u enige van die volgende simptome ontwikkel:
  - hoë koors,
  - spier styfheid,
  - veranderde geestestoestand,
  - onreëlmatige polsslag of bloeddruk,
  - verhoogde hartklop of onreëlmatige hartklop of
  - oormatig sweet vir geen rede nie

  Hierdie simptome kan daarop dui dat u 'n lewensbedreigende toestand het wat as Neuroleptiese Kwaadaardige Sindroom bekend staan.
  Praat dadelik met u dokter as u van mening is dat u een van die bogenoemde simptome ervaar, selfs al het u vir geen rede nie slegs hoë koors.
  U behandeling met PHRENPE moet onmiddellik gestaak word.
- indien u suikersiekte het, aangesien die gebruik van PHRENPE u bloedsuikervlakke kan verhoog en dit sal u diabetes vererger.
  Terwyl u PHRENPE gebruik kan u diabetes ontwikkel indien u oorgewig is of as u 'n familiegeskiedenis van diabetes mellitus het. U dokter moet u bloedsuikervlakke noukeurig aan die begin van behandeling, na 12 weke en dan een keer per jaar daarna, monitor. Wanneer u PHRENPE begin gebruik moet u dadelik u dokter spreek as u een van die volgende simptome ontwikkel, aangesien dit simptome kan wees wat met diabetes verband hou:
  - oormatige dors,
  - passering van abnormaal hoë volume uriene,
  - oormatig eet of oormatige aptyt, of
  - swakheid.
- indien u meegedeel is dat u demensie-verwante psigose en/of gedragsversteurings het en u:
  - ouer as 65 jaar is,
  - moeilik voedsel of vloeistowwe sluk,
  - ander medisyne gebruik wat sedasie veroorsaak,
  - ondervoed of ontwater is,
  - probleme met u longe het, byvoorbeeld longontsteking,
  - ook 'n groep medisyne bekend as bensodiasepiene (gebruik vir die behandeling van angs) gebruik
- indien u 'n vergrote prostaat of 'n obstruksie van ingewande as gevolg van verlamming van intestinale spiere, het.
- indien u lewerskade het of behandel word met ander medisyne wat u lewer kan benadeel.

U dokter moet gereeld toetse doen om vas te stel of u lewer aangetas word terwyl u PHRENPE neem. U behandeling met PHRENPE moet gestaak word indien u hepatitis (ontsteking van die lewer) ontwikkel.
- indien daar vir u gesê is dat u om welke rede lae vlakke van witbloedselle het.
- indien u medisyne ontvang wat 'n toestand veroorsaak waar witbloedselvlakke in u bloed verlaag (ook neutropenie genoem).
- indien u 'n geskiedenis het van dwelm-geïnduseerde beenmurgdepressie of beenmurgdepressie het wat deur 'n verwante siekte veroorsaak word.
- indien u bestralingsterapie of chemoterapie ontvang (terapie wat gebruik word vir die behandeling van kanker).
- indien daar vir u gesê is dat u hoë vlakke van 'n sekere soort witbloedsel in u bloed het (eosinofiele) of 'n afwyking het waar u bloedmurg te veel abnormale rooibloedselle, witbloedselle of bloedplaatjies produseer wat in u bloed versamel (mieloproliferatiewe siekte).
- indien u ook 'n medisyne gebruik wat bekend staan as valproaat (wat gebruik word vir die behandeling van epilepsie), aangesien dit tot neutropenie kan lei.
- indien u ook medisyne gebruik wat u QT-interval kan verhoog en u:
  - 65 jaar of ouer is,
  - aangebore lang QT-sindroom het ('n versteuring in hartritme wat moontlik vinnige, chaotiese hartklop kan veroorsaak),
  - 'n vergrote hart het,
  - kongestiewe hartversaking het,
  - lae vlakke van magnesium of kalium in u bloed het.
- indien u moontlike risikofaktore het, soos om vir lang tydperke geïmmobiliseer te word, wat kan lei tot 'n veneuse trombo-embolisme.
- wanneer u ook ander sentraalwerkende medisyne en alkohol gebruik.
- indien u 'n geskiedenis van konvulsies (aanvalle) het of risikofaktore het wat tot konvulsies (aanvalle) kan lei.
- indien u van plan is om strawwe oefening te doen of blootgestel gaan word aan uitermatige hitte, aangesien u liggaam se vermoë om kernliggaamstemperatuur te verlaag, belemmer kan word. Dit kan lei tot sonsteek.
- omdat daar 'n verhoogde risiko is vir die inaseming van voedsel, vloeistowwe, speeksel of braaksel in die lugweë en in beweging van die slukderm verminderd is.
- indien u selfdoodneigings het. U moet fyn gemonitor word.
- indien u probleme met u hart het.

Kinders en adolessente
PHRENPE word nie aanbeveel vir gebruik by kinders en adolessente jonger as 18 jaar nie.

Ander medisyne en PHRENPE
Noem altyd aan u gesondheidsorgverskaffer indien u enige ander medisyne neem (dit sluit alle komplimentêre of tradisionele medisyne in).
U moet veral u geneesheer inlig indien u enige van die volgende medisyne gebruik of onlangs gebruik het, en u gebruik ook PHRENPE:
- Karbamasepien – 'n verhoging van u PHRENPE dosis mag nodig wees.
- U sal moontlik ook u dosis PHRENPE moet verhoog indien u sigarette rook.
- Fluvoksamien en/of siprofloksasien – 'n laer aanvangsdosis van PHRENPE moet oorweeg word.
- Geaktiveerde houtskool - die konsentrasie PHRENPE in u bloed word met 50 – 60 % verminder indien dit saam met geaktiveerde houtskool geneem word. Neem geaktiveerde houtskool minstens 2 uur voordat u PHRENPE neem.
- Medisyne vir Parkinson se siekte – PHRENPE mag die uitwerking van hierdie medisyne verlaag.
- Sekere medisyne wat gebruik word om hoë bloeddruk te behandel - PHRENPE kan die uitwerking van hierdie medisyne verhoog, wat daartoe kan lei dat pasiënte baie lae bloeddruk ervaar
- Ander sentraalwerkende medisyne en alkohol.

Dit word nie aanbeveel om PHRENPE saam met anti-Parkinson-medisyne te gebruik by pasiënte met Parkinson se siekte en demensie nie. Omsigtigheid is nodig wanneer PHRENPE saam met medisyne wat bekend is dat dit QT-intervalle verhoog, voorgeskryf word.

PHRENPE met kos, drank en alkohol
PHRENPE kan met of sonder kos geneem word.
PHRENPE kan saam met water of enige ander geskikte vloeistof soos lemoensap, appelsap, melk of koffie geneem word. U kan u PHRENPE in hierdie vloeistowwe oplos voordat u dit inneem, aangesien dit oraal-oplosbare tablette is.
PHRENPE moet nie saam met alkohol geneem word nie.
Swangerskap en borsvoeding
Raadpleeg u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer vir advies voordat u hierdie medisyne gebruik indien u swanger is of borsvoed, vermoed dat u swanger is of van plan is om swanger te word. Die volgende simptome kan by pasgebore babas voorkom waar moeders PHRENPE gedurende hul derde trimester van die swangerskap gebruik het: agitasie, spierstyfheid en/of swakheid, skudding, slaperigheid, asemhalingsprobleme en probleme met voeding. As u baba een van hierdie simptome ontwikkel, moet u moontlik u dokter kontak. U moet nie PHRENPE neem as u u baba borsvoed nie aangesien klein hoeveelhede olansapien in borsmelk mag voorkom. U moet nie u baba borsvoed terwyl u PHRENPE gebruik nie.
Bestuur en gebruik van masjiene
PHRENPE kan slaperigheid en duiseligheid veroorsaak. Dit is dus raadsaam om nie te bestuur of masjiene te gebruik voordat u weet hoe PHRENPE u sal beïnvloed nie. Dit is nie altyd moontlik om te voorspel in watter mate PHRENPE die daaglikse aktiwiteite van 'n pasiënt kan beïnvloed nie. Pasiënte moet toesien dat hulle nie aan bogenoemde aktiwiteite deelneem nie, totdat hulle bewus is van die mate waartoe PHRENPE hulle affekteer.
PHRENPE bevat aspartaam
Pasiënte wat nie fenielalanien kan inneem nie moet ook PHRENPE gebruik nie aangesien dit aspartaam bevat wat 'n bron van fenielalanien is. Dit kan skadelik wees vir pasiënte met fenielketonurie.
PHRENPE bevat mannitol
PHRENPE oraal-oplosbare tablette bevat mannitol. Dit kan 'n ligte lakserende effek hê.

3. Hoe om PHRENPE te neem
Moet nie medisyne wat vir u voorgeskryf is, met enige ander persoon deel nie. Gebruik altyd PHRENPE presies soos u dokter gesê het. Raadpleeg u dokter of apteker indien u onseker is. Die veiligheid van dosisse hoër as 20 mg per dag is nie vasgestel nie.

PHRENPE kan met of sonder kos geneem word. PHRENPE oraal-oplosbare tablette moet dadelik geneem word wanneer dit uit die verpakking gehaal is aangesien dit maklik breekbaar is. PHRENPE oraal-oplosbare tablette moet in die mond geplaas word, waar dit vinnig in speeksel kan oplos sodat dit maklik ingesluk kan word. Alternatiewelik kan dit direk in 'n vol glas water, lemoensap, appelsap, koffie of melk opgelos word. Drink dit dadelik.

Vir gebruik in psigotiese versteurings:
Die aanvangsdosis is gewoonlik 5 tot 10 mg per dag (een maal per dag skedule). Die teikendosis is 10 mg/dag binne etlike dae na aanvang. Om te waak teen newe-effekte en om te bepaal of die medisyne reg werk moet die dosis van PHRENPE nie aangepas word voor een week verby is nie. Die dosisreeks is 5 mg tot 20 mg per dag. Die verhoging van die dosis bo die gewone daaglikse dosis van 10 mg word slegs aanbeveel na toepaslike kliniese assessering plaasgevind het.

Vir die gebruik in akute manie in bipolêre versteurings:
Die gewone aanvangsdosis is 10 mg per dag (eenmaal per dag skedule). Dosisaanpassings binne die dosisreeks van 5 mg tot 20 mg per dag, indien aangedui, moet gewoonlik met tussenposes van minstens 24 uur plaasvind.

Vir die voorkoming van herhaling in bipolêre versteurings:
Die aanbevole aanvangsdosis is 10 mg per dag. As u PHRENPE ontvang het vir die behandeling van maniese episodes moet u voortgaan gaan met dieselfde dosis om te voorkom dat dit weer plaasvind. 'n Verhoging tot 'n dosis hoër as die aanbevole aanvangsdosis, binne die dosisreeks 5 mg tot 20 mg per dag, word slegs na toepaslike kliniese assessering aanbeveel en moet gewoonlik met tussenposes van minstens 24 uur plaasvind. PHRENPE word nie vir gebruik in kinders en adolessente onder die ouderdom van 18 jaar aanbeveel nie. U dokter sal u inlig hoe lank u behandeling met PHRENPE sal duur. Behandeling met PHRENPE moet geleidelik gestaak word deur u dosis geleidelik oor tyd te verminder. Moenie die behandeling voortydig staak nie want u kan simptome soos sweet, diarree, oormatige kwyl vanuit die mond, angs, agitasie, naarheid, braking, onvermoë om te slaap en onwillekeurige skud ervaar. Vra u dokter of apteker indien u onder die indruk is dat die effek van PHRENPE te sterk of te swak is.

Indien u meer PHRENPE neem as wat u moet
Raadpleeg u dokter of apteker in geval van oordosering. As geeneen beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum. Sommige van die simptome wat u mag ervaar indien u meer PHRENPE geneem het as wat u moet sluit in:
- verhoogde hartklop,
- angstig voel of aggressief is,
- probleme om normaal te praat,
- verskillende ekstrapiramidale simptome wat skud, sluwe spraak, onbeheerbare of onwillekeurige beweging insluit,
- verlaagde vlak van bewussyn, wat kan wissel van gesedeerd wees tot 'n koma,
- verwarde denke en verminderde bewustheid van die omgewing (delirium),
- stuipe (stuiptrekkings),
- moontlike kwaadaardige neuroleptiese sindroom (simptome sluit in: hoë koors, spierstyfheid, veranderde geestestoestand, onreëlmatige pols of bloeddruk, verhoogde hartklop of onreëlmatige hartklop, uitermatige sweet sonder rede),
- probleme met asemhaling,
- verhoogde risiko om voedsel, vloeistowwe, speeksel of braaksel in die lugweë in te asem,
- verhoogde of verlaagde bloeddruk,
- onreëlmatige hartklop (te stadig of te vinnig),
- hartaanval.

Indien u vergeet om PHRENPE te neem
Moenie twee dosisse gelyktydig neem om die vergete dosis op te maak nie. As u 'n dosis van PHRENPE mis, neem dit sodra u dit onthou.

Indien u ophou om PHRENPE te neem
Behandeling met PHRENPE moet geleidelik gestaak word deur u dosis geleidelik oor tyd te verminder. As die behandeling skielik gestaak word kan u simptome soos sweet, diarree, oormatige kwyl vanuit die mond, angs, agitasie, naarheid, braking, onvermoë om te slaap en onwillekeurige skud ervaar.

4. Moontlik newe-effekte
PHRENPE kan newe-effekte hê.
Nie alle newe-effekte wat vir PHRENPE aangemeld is, is by hierdie pamflet ingesluit nie. As u algemene gesondheid vererger of as u enige ongewenste reaksie ervaar tydens die gebruik van PHRENPE, raadpleeg u gesondheidsorgverskaffer vir advies.

As enige van die volgende gebeur, staak die gebruik van PHRENPE en kontak u dokter onmiddellik of gaan na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal:
- swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe mond of keel, wat moontlike probleme met asemhaling of sluk kan veroorsaak,
- uitslag of jeuk,
- floutes.

Hierdie is baie ernstige newe-effekte. As u dit ondervind, het u moontlik 'n ernstige reaksie op PHRENPE gehad. U mag dalk dringende mediese hulp of hospitalisasie benodig.
Stel u dokter in kennis indien u enige van die volgende opmerk:
Volwassenes:
Newe-effekte wat gereeld voorkom:
- slaperigheid,
- gewigstoename,
- 'n toename in 'n sekere soort witbloedsel (eosinofiele) in u liggaam, bekend as eosinofilie,
- verhoogde vlakke van prolaktien (prolaktien is 'n hormoon wat die liggaam die instruksie gee om borsmelk te produseer wanneer iemand swanger is of borsvoed),
- verhoogde vlakke van cholesterol, suiker en 'n tipe vet wat as trigliseriede bekend staan,
- verhoogde vlakke van suiker in u uriene,
- verhoogde eetlus,
- duiseligheid,
- 'n bewegingsversteuring wat dit vir u moeilik maak om stil te staan, bekend as akatisie. Dit veroorsaak 'n drang om te beweeg wat u nie kan beheer nie. U moet dalk heeltyd vroetel, op die plek loop of u bene kruis en weet uitmekaar kruis,
- skudding, stadige beweging, verswakte spraak of spierstyfheid,
- 'n afname in die hoeveelheid witbloedselle (leukosiete) in u liggaam, bekend as leukopenie,
- 'n afname in 'n sekere soort witbloedsel (neutrofiele) in u liggaam, bekend as neutropenie,
- belemmering van vrywillige beweging,
- ortostatiese hipotensie, dit is 'n val in bloeddruk as u te vinnig uit 'n sit- of lê-posisie opstaan en gaan gepaard met duiseligheid, verhoogde hartklop en by sommige pasiënte 'n tydelike verlies aan bewussyn,
- anticholinergiese effekte, soos hardlywigheid of droë mond,
- verhogings van sekere ensieme in u lewer (ALT, AST),
- uitslag,
- abnormale fisiese swakheid, moegheid of gebrek aan energie,
- koors,
- gewrigspyn,
- verhoogde vlakke van alkaliese fosfatase, gamma glutamieltransferase, uriensuur en kreatinienfosfokinase in u liggaam,
- swelling van die liggaam,
- erektiele disfunksie by mans,
- verlaagde libido by mans en vroue.

Newe-effekte wat minder gereeld voorkom:
- abnormale lae vlakke van bloedplaatjies in u bloed,
- hipersensitiwiteit (allergiese) reaksies,
- ontwikkeling of verergering van diabetes,
- abnormale lae liggaamstemperatuur,
- aanvalle,
- onbeheerbare sametrekking van spiere,
- onwillekeurige, herhalende liggaamsbewegings wat kan insluit verdraaiing, tong uitsteek of lippe klap,
- geheueverlies,
- probleme om normaal te praat,
- hakkel,
- onbeheerbare drang om jou bene te beweeg (Rustelose Bene Sindroom),
- hoë koors, spierstyfheid, veranderde geestestoestand, onreëlmatige pols of bloeddruk, verhoogde hartklop of onreëlmatige hartklop of uitermatige sweet sonder enige rede (neuroleptiese kwaadaardige sindroom),
- onttrekkingsimptome soos sweet, diarree, oormatige kwyl vanuit die mond, angs, agitasie, naarheid, braking, die onvermoë om te slaap en onwillekeurige skud,
- verlaagde hartklop,
- 'n versteuring in hartritme wat moontlik vinnige, chaotiese hartklop kan veroorsaak,
- verhoogde hartklop,
- die vorming van bloedklonte,
- bloeding vanuit die neus,
- opgeblasenheid en swelling in die buik-area,
- ontsteking van die pankreas,
- ontsteking van die lewer,
- sensitiwiteit vir sonlig,
- haarverlies,
- Griepagtige simptome met 'n uitslag in die gesig en dan met 'n uitgebreide uitslag, hoë temperatuur, vergrote limfknope, verhoogde vlakke van lewerensieme wat gesien word tydens bloedtoetse en 'n toename in 'n soort witbloedsel (eosinofilie). Dit staan bekend as Geneesmiddelreaksie met eosinofilie en sistemiese simptome of DRESS,
- afbreek van spierweefsel wat 'n skadelike proteïen in die bloed vrystel wat die niere beskadig,
- verlies aan blaasbeheer,
- probleme met urinering of probleme met die begin of instandhouding van 'n uriene straal,
- onttrekkingsimptome by pasgebore babas,
- afwesigheid van menstruasie,
- borsvergroting by mans en vroue,
- melkagtige afskeiding van die tepels (nie melk nie) by vroue,
- langdurige ereksie van die penis,
- verhoogde vlakke van bilirubien in die bloed.

Bejaarde pasiënte met demensie kan tydens die gebruik van olansapien aan die volgende ly:
Newe-effekte wat gereeld voorkom:
- om dinge te sien wat nie waar is nie (hallusinasies),
- abnormale manier van loop,
- val,
- infeksie in een of beide longe (longontsteking),
- rooiheid van die vel,
- verlies aan blaasbeheer,
- 'n gebrek aan energie en entoesiasme,
- verhoogde liggaamstemperatuur.

Newe-effekte wat waargeneem word by pasiënte met dwelm-geïnduseerde psigose wat verband hou met die Parkinson se siekte, is die volgende:
Newe-effekte wat gereeld voorkom:
- dinge sien of hoor wat nie waar is nie (hallusinasies),
- simptome soos dié wat ondervind word met die Parkinson se siekte, soos skud, stadige beweging, probleme met balans, styfheid en moeite om te loop.

Wanneer olansapien gebruik word, kan pasiënte met bipolêre manie wat ook litium of valproaat inneem, aan die volgende ly:
Newe-effekte wat gereeld voorkom:
- gewigstoename,
- verhoogde eetlus,
- probleme met u toespraak,
- skud,
- droë mond.

Stel u dokter of apteker in kennis as u newe-effekte opmerk wat nie in hierdie pamflet genoem word nie.

Aanmelding van newe-effekte
Praat met u dokter, apteker of verpleegster as u newe-effekte ervaar. U kan ook newe-effekte aan SAHPRA rapporteer via die "6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form", wat aanlyn gevind word onder SAHPRA se publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting in te win oor die veiligheid van PHRENPE.

5. Hoe om PHRENPE te stoor
Stoor alle medisyne buite bereik van kinders. Stoor teen of benede 25 °C. Stoor in die oorspronklike houer. Beskerm teen lig en vogtigheid. Neem alle ongebruikte medisyne na u apteker terug. Moet nie ongebruikte medisyne in dreine of riooltstelsels wegdoen nie (bv. toilette).

6. Inhoud van die pak en ander inligting
Wat PHRENPE bevat
- Die aktiewe bestanddeel is olansapien. PHRENPE 5 bevat 5 mg olansapien en PHRENPE 10 bevat 10 mg olansapien.
- Die ander bestanddele is mannitol, aspartaam, crospovidone (Polyplasdone XL-10), mikrokristallyne sellulose en magnesiumstearaat.

Hoe PHRENPE lyk en die inhoud van die pak
PHRENPE 5 mg oraal-oplosbare tablette: Geelgekleurde, ronde, plat, skuinsgerande, onbedekte tablette met 'n breeklyn aan een kant gedebosseleer met "5" aan ander kant.
PHRENPE 10 mg oraal-oplosbare tablette: Geelgekleurde, ronde, plat, skuinsgerande, onbedekte tablette met 'n breeklyn aan een kant gedebosseleer met "10" aan ander kant.
PHRENPE 5 en 10 oraal-oplosbare tablette is beskikbaar in stulpstroke en die stulpstroke is verpak in kartonne van 10, 14, 28, 30, 35, 50, 56 of 70 tablette per karton. Nie alle pakgroottes word bemark nie.

Houer van Registrasiesertifikaat
Trinity Pharma (Pty) Ltd.
16de Straat 106, Gebou 2, Midrand, Johannesburg, 1686, Suid-Afrika.

Hierdie pamflet was laas opgedateer in
N.A

Registrasie nommers
PHRENPE 5: 47/2.6.5/0182
PHRENPE 10: 47/2.6.5/0183